**AFRIKAANS HUISTAAL: GRAAD 11: VRAESTEL 1**
**DATUM: JUNIE 2015**
**MEMORANDUM**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1:

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Hy wil hê die verkoop van renosterhoring moet wettig gemaak word, want só sal die stropery gestop word. | 1 | 3 |
| 1.2 | Genoem / vermeld | 1 | 1 |
| 1.3 | "afgevaardigdes van oor die wêreld" | 1 | 1 |
| 1.4 | Daar was vroeër 'n heining. | 1 | 3 |
| 1.5 | Afgevaardigdes uit Suid-Afrika / Mense uit Suid-Afrika wat die renoster wil red / natuurbewaarders. | 1 | 1 |
| 1.6 | 38 Jaar. | 1 | 1 |
| 1.7 | JA - want in Mosambiek word renosters dalk nie so goed bewaar soos in Suid-Afrika nie. OF<br>NEE - mense wat regtig renosters wil stroop, sal oor 'n heining kom.<br>(Enige ander sinvolle motivering; 2 punte vir motivering) | 2 | 4 |
| 1.8 | B / Teenstellend | 1 | 3 |
| 1.9 | dollar | 1 | 1 |
| 1.10 | Figuurlik | 1 | 3 |
| 1.11 | Tussen 15 en 20 ton. | 1 | 1 |
| 1.12 | Mense sal nie meer nodig hê om renosters in die natuur te stroop nie. / Dit sal meer geld vir bewaring inbring. | 1 | 1 |
| 1.13 | JA - as mense wettig horings mag koop, sal hulle ophou om dit te stroop. OF<br>NEE – mense sal aanhou om renosters te stroop.<br>(2 punte vir motivering) | 2 | 4 |
| 1.14 | Die naam van die briefskrywer verskyn by die teks./ Bron : Beeld 20 Nov is 'n aanduiding. | 1 | 1 |
| 1.15 | totale | 1 | 1 |
| 1.16 | Suid-Afrika en Swaziland | 2 | 1 |
| 1.17 | Om iets te verbied. | 1 | 3 |
| 1.18 | katastrofiese | 1 | 1 |
| 1.19 | Nee, die skrywer van TEKS A bepleit die wettiging van die handel in renosterhoring, terwyl die briefskrywer voel dat geen renosters gejag moet word nie.<br>(2 punte vir motivering) | 2 | 4 |
| 1.20 | * Dit verwys na die teiken waarna geskiet word en dit dui daarop dat alle renosters die gevaar loop om geskiet te word./<br>* Dit beklemtoon die woord wat verwys na die skietteiken wat suggereer dat alle renosters uitgewis kan word. | 2 | 3 |
| 1.21.1 | 'n Morbiede / somber stemming | 1 | 1 |
| 1.21.2 | Hartseer oë van die renosters / of die renoster op die plakkaat se trane / Hulle monde hang. | 1 | 1 |
| 1.22 | Paragraaf 1 | 1 | 1 |
| 1.23 | Reaksie moet genoem word. (Eie motivering) | 2 | 5 |

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING (VLAK 2)**

**VRAAG 2:**

**Nasien van opsomming:**

- Die opsomming moet in die korrekte formaat aangebied word. Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk / beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui. •
  Punte word soos volg bereken: 7 punte vir 7 feite
  3 punte vir taal
- Taalpunte word onder die volgende voorwaardes toegeken: 1 – 3 feite korrek = 1 punt
  4 – 5 feite korrek = 2 punte 6
  – 7 feite korrek = 3 punte
- Vir direkte aanhalings van volledige sinne word soos volg geassesseer: -
  1 – 5 volledige sinne aangehaal: verdien 1 taalpunt
  - 6 – 7 volledige sinne aangehaal: verdien geen punte nie •

  **Penaliseer soos volg:**
  - Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Die res van die opsomming word geïgnoreer.
  - Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die inligting, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
  - Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

| | **AANHALING** | | **EIE WOORDE / FEITE** |
|---|---|---|---|
| 1 | Jacques Strydom het gesien die motorwassery is te koop en het besluit hy moet bedags iets sinvols met sy tyd doen. | 1 | Jacques Strydom het 'n motorwassery gekoop omdat hy bedags vry was. (11) |
| 2 | Hy het baie tyd by die stasies se motorwasserye deurgebring. | 2 | As kind het hy baie tyd by sy ouers se vulstasies en motorwasserye deurgebring. (14) |
| 3 | Hy moes 'n paar stappe doen om die wins te vergroot. | 3 | Die reeds winsgewende bedryf se wins is deur 'n paar stappe vergroot. (12) |
| 4 | Die stappe wat hy moes doen, was bemarking en hy het ook dadelik van die koste begin sny. | 4 | Stappe wat hy moes doen, was bemarking en die sny van koste. (12) |
| 5 | Die meeste van die kliënte kom oefen en los dan hul motors om daar gewas te word. | 5 | Kliënte wat by die naburige gimnasium oefen, laat hulle voertuie op die beveiligde karwasperseel was. (15) |
| 6 | Die water-en-elektrisiteitsrekening het al verdriedubbel vandat hy die motorwassery gekoop het. | 6 | Salarisse, huur, water en elektrisiteit is sy grootste uitgawes. (9) |
| 7 | Jacques is op die uitkyk na nog 'n motorwassery, maar 'n goeie een wat die moeite werd is, is maar skaars. | 7 | Jacques is op die uitkyk na nóg 'n goeie motorwassery. (10) |

**PARAGRAAF:**

Jacques Strydom het 'n motorwassery gekoop omdat hy bedags vry was. As kind het hy baie tyd by sy ouers se vulstasies en motorwasserye deurgebring. Die reeds winsgewende bedryf se wins is deur 'n paar stappe vergroot, naamlik bemarking en die sny van koste. Kliënte wat by die naburige gimnasium oefen, laat hulle voertuie op die beveiligde karwasperseel was. Salarisse, huur, water en elektrisiteit is sy grootste uitgawes. Jacques is op die uitkyk na nóg 'n goeie motorwassery.

(Woorde: 83) **TOTAAL AFDELING B: [10] Vlak 2**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

**VRAAG 3:**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Baie bly / gelukkig wees. | **1** | 1 |
| 3.2 | Mag ons uitstyg tot die beste stad in Suid-Afrika! | **1** | 3 |
| 3.3 | Nee, dit is nie. In ander stede waar daar ook universiteite is, kan mense ook kampioene en oorwinnaars word. | **1** | 4 |
| 3.4 | Dat Potchefstroom die beste stad in die land is. | **1** | 1 |
| 3.5 | ‘n Vliegtuig vlieg tussen die wolke; Potchefstroom is ‘in die wolke’ (baie gelukkig), omdat dit in 2010 aangewys is as die beste stad in die Noordwes-provinsie./ Sokkerspan het daar geland en tuisgegaan. | **1** | 1 |
| 3.6 | Hulle het by die splinternuwe Potchefstroom-lughawe geland en as kampioene vertrek. | **1** | 3 |
| 3.7 | Toerismemark / Beste | **1** | 1 |
| 3.8 | Europa se topspan gaan ***môre*** in Potchefstroom tuis. | **1** | 3 |
| 3.9 | Groeiende / belowende | **1** | 1 |
| 3.10 | Suid-Afrika | **1** | 1 |
| | **TOTAAL** | **10** | |
| 4.1 | Sy vra: “Sal jy my uitneem?” | **1** | 1 |
| 4.2 | Hulle het verlief geraak op mekaar. | **1** | 3 |
| 4.3 | Julle moet maak net soos julle lus het! / Maak net soos julle lus het! | **1** | 1 |
| 4.4 | Bywoord van graad | **1** | 3 |
| 4.5 | Nee, sy ouers tree meer onvolwasse op deur oor onbenullighede te stry. | **1** | 4 |
| 4.6 | Daar ***word*** ten minste nie deur my ma in ons huwelik ingemeng soos deur joune nie. | **1** | 3 |
| 4.7 | Die man en vrou stry die hele tyd en skree op mekaar. | **1** | 4 |
| 4.8 | D / teësinnig | **1** | 3 |
| 4.9 | Daar is nog koffie in die ***kan.*** / Die boer verkoop die melk per ***kan.*** / | **1** | 3 |
| 4.10 | Hy druk sy een oor toe om nie sy ouers se geskree te hoor nie. | **1** | 3 |
| | **TOTAAL** | **10** | |
| 5.1 | konsentrasievermoë | **1** | 1 |
| 5.2 | doktor | **1** | 1 |
| 5.3.1 | Nommer 6: Min, weinig in getal. | **1** | 3 |
| 5.3.2 | Kontaminasie is ‘n samestelling van 2 woorde wat min of meer dieselfde | | |
| 5.4 | B/ maak | **1** | 1 |
| 5.5 | Die seun is vaker as sy suster omdat hy baie later as sy gaan slaap het. | **1** | 3 |
| 5.6 | veranderinkie | **1** | 3 |
| 5.7 | Volwassenes / grootmense/ kleuters | **1** | 1 |
| 5.8 | eenuur | **1** | 3 |
| 5.9 | Die professor het ‘n hoë dunk van homself. | **1** | 3 |
| | **TOTAAL** | **10** | |

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**GROOTTOTAAL: [70]**